

Hulle is **DAAR! ORALS** en **VOLOP! MYTE!**

Onder die geleedpotiges is hierdie groep diertjies by verre die grootste een, die diertjies self is die kleinste van almal; hulle is SO KLEIN en lig, dat die algemene aantrekkingskrag van die aarde geen uitwerking het op hulle, en ons mense is nie baie bewus van hulle nie.


Van die groep myte is omtrent 40 000 spesies bekend (2 350 in suider Afrika), MAAR (aanhaling uit "Goggagids" van Erik Holm en Ansie Dippenaar-Schoeman):

" Dit is net die ore van die seekoei."

Die diertjies is baie klein, die verskeidenheid baie **GROOT**, die voorkoms "alien-agtig", veelvuldig, bont. Daar is roofmyte, plantvreTERS, afbrekers, in- en uitwendige parasiete. Hulle kom voor op alle lewende wesens wat groter is as hulle, in die grond, in water, selfs seewater! Ons sien hulle nie, maar hulle is **DAAR! ORALS** en **VOLOP** daarvan. Dis **GOED** om van hulle te weet.

Myte is nie werklik spinnekoppe nie; al wat hulle in gemeen het, is die agt geledede pote en dat van hulle sy kan spin. Die dier bestaan uit 'n sakagtige lyf met agt pote (eerste nimpfstadium slegs ses), mond - (en spin-)gereedskap voor, uitlaatopening agter. Asemhaling geskied deur die vel, vertering uitwendig (hulle "spoeg" op die kos, kos word verteer en so ingesui). Party soorte het twee ogies. Hulle teel geweldig vinnig aan, een lewenssiklus duur nie eers 14 dae nie. Kenmerkend is, dat hulle **baie gou bestand teen gifstowwe raak**.

Die allerminste insekdoders werk by hulle.



so lyk spinmyte,



rooi spinmyt in sy web

Een mytspesie waarvan ons **wel bewus** is, veral in tye van hitte en droogde, is die rooi-poot spinmyt (rooi spinnekop /Rote Spinne / red spider) in ons groentetuine: as jy dit sien, is dit klaar te laat, die stryd is verlore. Pluk uit, brand uit, plant oor.

Die spinmyte, familie Tetranychidae, is dikwels gekleur in skakerings van rooi. Gewoonlik aan die onderkant van 'n blaar begin spin hulle 'n symat wat dan die hele blaar onder bedek. Hulle lewe tussen die web en die blaar, teer dit uit, vermenigvuldig, bou die symatte uit, versprei vinnig, verniel uiteindelik die hele plant en besmet ander plante. Hulle hou **BAIE** van tamatieplante, lemoenpampoen, komkommer, ag somer baie ander nuttige plante ook.



blaar toegespin, vergaderingspunt van myte by blaarpunt



boontjieplant erg besmet




lemoenpampoenplant totaal uitgeteer

WAT kan ons doen???

Plant basilikum (sweet basil Basilikum) tussen/ rondom jou tamatieplante, myte hou nie daarvan nie. SPUIT gereeld nat, bo- EN onderkante van die blare, rooimyt hou van droog en warm.
 Gif: **Insekdoders werk nie!** Gebruik spesifiek 'n middel teen rooimyt

Ander myte waarvan ons bewus moet wees:
stofmyt (Hulle hou baie van mense se woonplekke en kan die oorsaak en/of rede vir asma wees)



Myte wat **skurfsiektes** veroorsaak (by mens EN diere ...**hoendermyt** op hoenderpote, **skaapbrandsiekte**, **skurfte** by bees, brandsiek (Raeude, Kraetze) by honde, jakkalse, katte, MENSE))...dis **HOOGS AANSTEEKLIK!**

lewenssiklus van 'n skruftemyt

Wie dra dit oor? Voels, vlermuise, insekte (baie insekte dra myte)

Myte wat in die haarfollikels van ons ooghare sit...grillerig maar waar!



Reusefluweelmyt

Reusefluweelmyt: ons ken dit **ALMAL**, die boodskap is: **DIT HET LEKKER GEREEN!**
 Hulle is by verre die grootste mytsoort en vir ons mense absoluut nuttig, want hulle kos is miere en termiete.

Inligtingsbronne: Goggagids (Erik Holm. Ansie Dippenaar-Schoeman)...die moeite werd om te lees!
 Aanwys vir enige boer se boekrak!

Siektes en Parasiete van Beeste, Skape en Bokke in Suid-Afrika (P. Oberem, D. Odendaal, PT Oberem, MGS Snyman, L Ludwig, H Mynhardt)

Foto: So lyk spinmyte uit "Goggagids"

Lewenssiklus van skaapbrandsiek myt uit Siektes en Parasiete van beeste, Skape en Bokke in Suid-Afrika

Ander fotos en teks: Anka Eichhoff